# St. Antonius, Ab

## 17 Januarie

(251-356)

Hy word vereer as die Vader van die kloosterlewe. Sy ouers was Christene en hulle het hom en sy jonger suster diepgelowig groot gemaak. Ná sy ouers se dood, toe hy maar 20 jaar oud was, gee hy al sy besittings weg en gaan woon as kluisenaar in ’n antieke graftombe buite sy geboortedorp. Hier wy hy hom aan ’n lewe van gebed en self-afsterwing. Vyftien jaar later vertrek hy verder na die oorkant van die Nylrivier waar hy vir die volgende 20 jaar alleen in die ou murasie van ’n bergfort woon. Mettertyd het ander kluisenaars daar naby gaan woon. Hulle het hom om geestelike raad en begeleiding gesmeek. Uiteindelik stem hy daartoe en in vyf jaar lank het hy hulle in ’n lewe van gebed, arbeid en boetvaardige praktyke gelei. Daarna gaan stig hy ’n klooster by die berg Kalzim in die Fajoem-woestyn. Die voorbeeld van sy lewe en sy gesonde verstand oor die praktiese uitleef van die geestelike lewe het baie mense geïnspireer. Hy was lief om te sê dat selfkennis noodsaaklik was vir enige groei in ons verhouding met God.

© Die Oratorium Uitgewery